

11 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 20:1-13
FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 20:11-13

God se krag ons bron van hoop

Jeremia bekla wanhopig sy lot oor sy roeping. Wat 'n mens opval, is die felheid van sy geding met God. Dit was in die eerste instansie nie sy wens om as profeet op te tree nie, maar God het hom gedwing. Die woord wat in vers 7 met "mislei" vertaal word, is 'n term wat andersins gebruik word vir 'n man wat 'n meisie verlei het en haar dan in haar skande gelos het. Die profeet voel soos 'n meisie wat deur haar minnaar se persoonlikheid en krag verlei en misbruik is, en nou in skande verkeer. Jeremia was nie opgewasse teen God se krag nie, daarom het hy 'n profeet geword. Nou lag mense hom uit en bespot hom omdat hy nie anders kan as om aanhoudend die komende verdrukking aan te kondig nie. Jeremia se amp beteken vir hom net vernedering en bespotting – hy is maar 'n swak en nietige profeet tussen vernietigende teëstanders.

Dit gebeur baiekeer dat 'n mens by geleentheid in ellende gedompel word juis omdat jy aan God gehoorsaam is. In sulke omstandighede word jy bewus van die vereensaming wat jou verhouding met God kan meebring. Jy word bewus van jou nietigheid tussen vernietigende teëstanders.

Uiteindelik word God se krag, wat Jeremia aanvanklik as die oorsaak van sy lyding gesien het, egter ook die bron van sy hoop (vs. 11). God gebruik veral sy krag om die mens wat sy swakheid en nietigheid besef, te red (vs. 13). God is geneig om by die mens wat op sy eie kragte en vermoëns staatmaak, verby te gaan. So het Jesus ook sy bergrede begin deur te sê (Matt. 5:3): "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds Stephan Briel (Berghron)